

# EET DIE BROOD IN gehoorsaamheid

Reeds teen die tyd wat die Nuwe Testament neergepen is moes die Pinksterfees ´n ander dimensie begin aanneem.  Die tempel is op ´n stadium vernietig en kon die Jode nie meer na die tempel toe gaan met die eerste opbrengs van hulle oes, soos hulle in die verlede gedoen het nie.

Tog was die begeerte om gehoorsaam te wees aan God se Woord nog daar en is dit juis waar die klem in hulle feesvieringe begin val het. Hulle het Eksodus 19 interpreteer dat dit juis op die dag van die Pinksterfees was wat die Here aan Moses die Wet gegee het op Sinai. Daarom het hulle juis dit begin vier op die Pinksterfees.

Die 49 dae tussen Paasfees en Pinksterfees het nou ´n jaarlikse geestelike reis geword waartydens daar ernstig op die bestudering van die Torah gefokus is.  Die Jode moes daardeur herinner word dat hulle nie meer slawe van Farao was nie, maar dienaars van die Lewende God. Die Wet het vir hulle geleer hoe om in hierdie nuwe identiteit te lewe.

So het daar mettertyd nuwe praktyke ontstaan om Pinksterfees te vier wat die mense gehelp het om die belangrikheid van God se Woord te onthou en te herinner wat dit beteken om daaraan gehoorsaam te wees.

Hoe dink ons oor gehoorsaamheid aan God se Woord?

# Persoonlike Stilltetyd

BLY GEWORTEL

**OGGEND:**

Gebruik een van die stiltetyd metodes (bl. 4 in die eerste week se boekie) om een van die week se Bybeltekste wat op die volgende bladsye verskyn te lees en skryf jou gedagtes neer.

Ons tel met afwagting die dae af tot en met Pinksterfees en lees elke dag 'n teks wat ons help om die betekenis daarvan beter te verstaan.

Ma

Di

Wo

Do

Vr

Sa

So

**AAND:**

Gebruik die riglyne op bl. 3 (in week 1 se boekie) om na te dink oor jou dag en met die Here daaroor te praat.

Hoe dink jy oor Bybellees? Hoe gereeld doen jy dit? Hoekom lees jy Bybel? Hoekom lees jy nie Bybel nie? Lees jy Bybel slegs vir antwoorde op jou probleme, uit skuldgevoel, pligsbesef, gewoonte, vrees, om God se wil beter te leer ken, of vir 'n ander rede? Praat met die Here daaroor.



# Skriflesings

## EKSODUS 19:1-6

1 In die derde maand ná die
Israeliete se uittog uit Egipteland, op
dieselfde dag, het hulle in die
Sinaiwoestyn aangekom. 2Hulle het
van Refidim af weggetrek, in die
Sinaiwoestyn aangekom, en in die
woestyn kamp opgeslaan. Israel het
daar, reg voor die berg, kamp
opgeslaan.
3Moses het opgeklim na God, en die
Here het van die berg af na hom
geroep en gesê: "So moet jy vir die
huis van Jakob sê, sodat jy die
Israeliete kan inlig,
4'Julle het self gesien wat Ek aan die
Egiptenare gedoen het, en hoe Ek
julle op arendsvlerke gedra en julle
na My gebring het. 5 As julle dan nou
getrou luister na my stem en my
verbond nakom, dan sal julle onder
al die volke my persoonlike eiendom
wees, al behoort die hele aarde aan
My. 6Vir My sal julle 'n koninkryk van
priesters en 'n heilige nasie wees.' Dit
is die woorde wat jy aan die
Israeliete moet oordra."

## 1 JOHANNES 2:1-6

1Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig
nie. En as een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die
regverdige, as ons voorspraak by die Vader. 2Hy is die versoening vir
ons sondes: en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die
hele wêreld.
3As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons
Hom ken. 4Iemand wat sê: "Ek ken Hom," maar nie sy gebooie
gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie.
5Wie sy woord egter gehoorsaam – in hom het die liefde van God
werklik sy doel volkome bereik. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.
6Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus
gelewe het.

## PSALM 119:160-176

160 Op u woord kan 'n mens hom
geheel en al verlaat.
Al u bepalings is regverdig. Hulle
staan vas.
161 Maghebbers vervolg my sonder
oorsaak,
maar u woord is die enigste wat ek
vrees.
162 Oor u woord is ek so bly
soos iemand wat 'n groot skat in die
hande gekry het.
163 Ek haat en verafsku leuens,
maar u wet het ek lief.
164 Ek loof U soveel keer elke dag oor
u bepalings.
Hulle is regverdig.
165 Vir dié wat u wet liefhet, is daar
groot sekerheid:
niks kan hulle laat struikel nie.
166 Ek vestig my hoop op hulp van U,
Here,
u gebooie gehoorsaam ek.
167 Ek kom u verordeninge na,
ek het hulle baie lief.
168 U bevele en verordeninge
gehoorsaam ek.
My hele lewe lê oop voor U.
169 Gee tog ag op my geroep, Here,
gee my insig soos U beloof het.
170 Luister tog na my smeekgebed,
red my volgens u belofte.
171 Die lof sal oor my lippe stroom,
want U leer my u voorskrifte.
172 Ek sal u woord besing,
want al u gebooie is regverdig.
173 Help my tog altyd,
want ek stel u bevele eerste.
174 Ek smag na u hulp, Here,
in u wet vind ek my vreugde.
175 Laat my lewe dat ek U kan loof,
laat u bepalings my steun wees.
176 As ek sou ronddwaal
soos 'n skaap wat weggeraak het,
soek my dan,
want u gebooie het ek nie
verontagsaam nie.

**Deel met mekaar:**

- Wat is jou gunsteling resep in die hele wêreld? Om self te maak/bak of wat iemand anders al vir jou gemaak het?
- Wat gebeur as ons nie die resep/instruksies presies navolg nie?

**Bid saam:**

- Gebruik vandag Psalm 40:6-18 as julle gebed. Laat iemand dit hardop as gebed voorlees.

**Luister, lees en gesels:**

- Lees **Psalm 119:160-176** hardop saam. As daar meer as een vertaling (Afrikaans of Engels) naby is, lees die teks gerus in 'n ander vertaling ook.
- Laat elkeen die teksgedeelte stil op hulle eie weer deurlees.
- Vertel vir mekaar wat elkeen in die teks hoor/oplet/oor wonder.

**Vragies vir die gesin:**

- Hoe voel jy oor Bybellees? Is dit iets wat jou opgewonde maak soos die Psalmdigter van Psalm 119?
- Die Bybel sê nogal baie. Hoe kan 'n mens elke dag aan dit alles gehoorsaam wees? Wat beteken "gehoorsaamheid aan God" vir jou?
- Hoe kan 'n mens Jesus regtig beter leer ken?

**Uitdaging vir die week:**

Hierdie week se uitdaging is 'n lekker een. Lees weer Psalm 119:103

> *"Hoe aangenaam is u woord,*
> *soeter as heuning in die mond."*

Maak 'n vuur en braai saam marshmellows. Lees weer die vers voor jy die marshmellows eet en sê vir die Here dankie vir sy Woord. Vra Hom om ons te help om ook so, soos Ps 119:103, oor sy Woord te voel.



